

Woensdag 4 Oktober

Skrifgedeelte: Hebreërs 4

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:14-16

Vier die gemeenskap met Christus met vrymoedigheid!

Die gemeenskap met Christus aan die Nagmaalstafel laat baie mense terugdeins. Die selfondersoek wat jou eie sonde opnuut laat besef, reik so diep in jou lewe in. Die “eet en drink ’n oordeel oor jouself” is vir ander ’n baie hoë berg om uit te klim. So is daar nog baie ander dinge wat ons laat terugdeins – blatante nalatigheid word hier uitgesluit.

Tog doen ons juis selfondersoek en word ons in die selfondersoek gewaarsku en opgeroep om ons toevlug tot ons groot Hoëpriester te neem. Ons kan onmoontlik op eie meriete na die Nagmaalstafel stap. Dan sal geen kerk ooit die sakrament vier nie!

Terwyl ons gelowig ons Here Jesus Christus en sy versoeningswerk vas-gryp, kan ons met vrymoedigheid die gemeenskap met Hom aan die Nag-maalstafel vier. Dit is immers Hý wat as ons groot Hoëpriester Homself op die altaar van Golgota geoffer het om ons sonde te versoen! Dit is sý Gees wat in ons hart die geloof werk dat ál my sonde op grond van Christus se offer ver-gewe is, en dat God aan my uit genade die geregtigheid in Christus gee! Dit is sý Gees wat my aan al sy weldade laat deel kry!

Vier met vrymoedigheid (in Christus deur die Heilige Gees) die gemeenskap met Christus, want sy Gees laat jou in die gemeenskap met Hom genade en barmhartigheid ontvang.

Sing: Skrifberyming 17-3:1, 2

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)